

Skriflesing: Lukas 17: 11-19Teksverse: **Lukas 17:17****Sing- VOORAF SANG: Ps. 84:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 146:1,3,8; Ps. 86:1,6; Ps. 42:5,7; Ps. 31:1,15****Lukas 17: 11-19****Luk 17:11** Op sy reis na Jerusalem toe het Jesus al met die grens tussen Samaria en Galilea langs gegaan.**Luk 17:12** Net toe Hy 'n sekere dorpie wou binnegaan, kom tien melaatse mans Hom tegemoet, maar hulle bly op 'n afstand staan**Luk 17:13** en roep hard: "Jesus, Here, ontferm U oor ons!"**Luk 17:14** Toe Hy hulle sien, sê Hy: "Gaan wys julle vir die priesters." Op pad daarheen het hulle gesond geword.**Luk 17:15** En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys.**Luk 17:16** Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan.**Luk 17:17** **Toe sê Jesus: "Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?"****Luk 17:18** Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie?"**Luk 17:19** En vir hom sê Hy: "Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered."**Skriflesing:** Lukas 17: 11-19Teksverse: **Lukas 17:17****Sing- VOORAF SANG: Ps. 84:1,2****TYDENS EREDIENS: Ps. 146:1,3,8; Ps. 86:1,6; Ps. 42:5,7; Ps. 31:1,15**

Geliefdes, soos ons vanoggend hier saam is, so kan ons seker in die grootste mate aanvaar en dit seker selfs ervaar dat ons gesonde mense is. 'n Tyd het in ons lewe aangebreek wat ek voor ek in die erediens voor my Here in aanbidding mag kom, ja om Hom te mag ontmoet word my koors gemeet. Wie het 'n jaar gelede kon dink dat daar so 'n tyd in ons lewe sal aanbreek. Ons moet half gemasker rondloop, onself sosiaal eenkant probeer hou, terwyl die mens, die gelowig sosiaal aangepaste mens nie so wil wees nie. Dit druis direk in teen die wese van kerk-wees waar dit ook tog om gemeenskap gaan. Nie net om van die gemeenskap van heiliges te hoor, dit in jou hart vanoggend weer saam te kon bely nie, maar om tog ook iets daarvan te ervaar. Kerkwees is 'n verbondszaak.

Die verbond gaan oor verhoudinge. Die verhouding met God maar ook my verhouding met my mede-gelowige, ja om werklik te mag deel in mekaar se blydschap, mekaar se vreugdes, maar ook mekaar se diepe seer en bekommernisse is 'n groot deel waaroor oor kerk-wees gaan.

Wetgewing en dit wat die kerkwees wesentlik beïnvloed laat ons baie keer voel soos die ribbok in Habakuk 3, die Here lei my op hoë plekke, daar laat Hy my veilig loop. Dit saamgelees met die gebed van Dawid in Psalm 61 waar hy die Here vra ... *lei my op 'n rots wat vir my te hoog is.* As ons vanoggend die Here vra dat Hy ons in hierdie uitdagende tye ook soos 'n ribbok moet maak, my op hoogtes moet bring waar dit vir my te hoog is. Tog laat God wat in Christus my Here is, my kom op die hoë plekke, in dinge wat moeilik is, situasies wat ons nie ken nie, daar

laat die Here ons loop. Ons mag vra dat Hy ons veilig moet laat loop maar 'n wesentlike deel van veilig loop het ons vanoggend gehoor hoe mense maak wat dink hulle loop veilig maar is eintlik glad nie met veilig loop besig nie.

Jesus is op pad na Jerusalem toe. Daar kom tien melaatse mans hom tegemoet. Nou kom ons goed verstaan as mense vir Covid-19 bang is, ja ek is bang ek doen dalk die siekte op, melaatsheid was nog in baie opsigte veel erger. Daar waar jou lyf van sy wese wegvrot. Jy verloor letterlik stukke van jou liggaamlike bestaan, jou liggaam verrot en dit val dele af en inmekaar. Verskriklik wat die siekte aan mense gedoen het. Nou is daar buite Jerusalem tien sulke melaatses bymekaar. Ja, hulle vorm maar hulle eie gemeenskappie want die mens wil graag gemeensaam wees, altyd iets van 'n gemeenskaplike beleef, ook hierdie tien hier bymekaar.

Want weet u hoe is daar met melaatses gewerk? As jy die siekte opgedoen het, is jy buite die stad weggejaag, jy mag met niemand in aanraking kom nie. Ja dis bekende regulasies wat 2000 jaar terug al gegeld het, jy mag nie nader as 2meter aan enige mens gekom het nie. As 'n melaatse iemand van vooraf sien nader kom, dan was die melaatse verplig om uit te roep, *onrein, onrein*, dat daar wyd om mekaar beweeg kan word. Die ergste deel kom nog omdat melaatse mense as vervloektes beskou was. In elke opsig was daar 'n verbanning op hierdie mense geplaas. Daar waar hulle hul lewe veilig moes loop, was dit eintlik onmoontlik moeilik sou hulle die Here kon vra lei my op 'n rots wat vir my te hoog is ... op daardie hoë plekke was die voete soos die van 'n ribbok skaars! Tog het selfs die melaatses so direk na hulle genesing by Christus groot vrae en diepe smart oor hulle mens-wees gebring, waaroor hulle eintlik om genesing gevra het. Hoor u ook die werklike vraag agter Christus se groot vraag vanoggend ... *Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?* Die groot vraag agter Jesus se enkele vraag bring ons by die twee punte wat ons voor die Here maar ook voor mekaar moet uitmaak. Eerstens: Watter eis Jesus aan hulle geloof stel? In die tweede plek: Watter vrug Jesus van hulle geloof verwag het? Eerste dan:

Watter eis Jesus aan hulle geloof stel?

Hoe sterk hierdie 10 baie siek mense se geloof was, weet ons nie. Vir Jesus maak dit ook nie saak nie. Al het die mens net 'n geloof so klein soos 'n mostersaadjie dan kan jy daarmee berge

verskuif. 'n Klein bietjie geloof soos 'n mosterdsaadjie laat jou nie alleen met die berge probleme van jou lewe praat nie, maar jy kan daardie berge rondskuif. Wie met God se magsvermoë en sy wonderbare krag rekening hou kan alleen verstom staan. Dit wat God doen, is in alle geval elke dag besig om alle dele van ons menslike verstand te oortref. Hy Wie die magtige see, die oseane gemaak het, die water daarlangs versamel het, wat die hoogste berge hulle pieke uitgemeet het, in die diepste oseane, daar waar mense eintlik nie eers kom nie, die koraalriwwe prentjiemooi gemaak en ingekleur het. Hy wat jou laat glo, Hy praat met jou. Al is jou geloof hoe klein, as jy vir Hom om hulp en genade smeek sal Hy jou nooit teleurstel nie.

Die mosterdsaadjie-geloof kan jou die grootste berg, hoe onoorkomelik dit ook mag lyk uitklim. Ja deur God se magsvermoë kan Hy dit op jou gebed eenvoudig ophef en laat wegsink in die diepte van die see. Daardie tien mense se gebed het ons gelees- hulle wat vêr moet staan, wat dink dat hulle hard moet roep voordat die Here hulle sal hoor. Hulle gebed is opreg, ja opregte gebede waarborg nie noodwendig die regte dankbaarheid nie. Dit sal ons vandag nog weer sien. Hoe tragies tog, maar laat hulle gebed ons wel nie ontwyk nie. *Jesus, Here, ontferm U oor ons ...* En dan is die uitkoms glad nie opspraakwekkend, ja van so 'n aard dat Jesus enige mens wil beïndruk in wat toe daar gebeur nie. Daardie ou maer misvormde hande op daardie oomblikke na Jesus uitgesteek wat vêr van die skare staan, maar hande wat God nie miskyk nie, hoor eintlik so 'n kort saaklike opdrag. *Gaan wys julle vir die priesters ...*

Jesus stuur hulle na die tempel van daardie tyd, waar kerkmense veronderstel is om sake in perspektief te sien, kerkmense behoort te weet hoe groot en roemryk God se daede en wonders is. As ons in Lukas 5 van 'n melaatse lees wat ook na Jesus gekom het met die versoek om hom gesond te maak dan lees ons daar dat Jesus in baie mense se oë die ongehoorde doen ... Hy raak die melaatse aan en maak hom gesond. Dit wat so aansteeklik is, Jesus raak hom aan. Daar is dinge belangriker as 'n aansteeklike siekte. Opvallend dat God hom toe ook na die priesters gestuur het. By hierdie tien het hulle net Jesus se woord, geen aanraking, geen versagende woord nie, alleen *gaan wys julle vir die priesters*.

Agter die opdrag van Jesus is natuurlik die toets wat die Here aan hulle geloof stel. Glo hulle, glo hulle werklik dat Jesus hulle gesond kan maak. Al is dit 'n geloof hoe klein, dis 'n geloof

wat getoets kan word. Ja, het die skrywer van Hebreërs later die geloof ook so verwoord - *I Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.* Die geloof, die sekerheid, die hoop moet 'n oortuiging wees wat ook nog altyd weer getoets kan word. Daardie tien het die eerste toets geslaag. Geglo die Here sal hulle gesond kan maak. Ons kan sê in die opsig tien uit tien ... Hulle was nog op pad na die priesters toe het hulle al gesond geword. Om so 'n wonder aan jou liggaam te sien gebeur moet eenvoudig onbeskryflik groot wees. Hoe in verrotte en verslete vleis die lewe en gevoel en alles daarmee saam net begin terugkeer. Ek kan myself dit probeer voorstel. Die bene wat tree vir tree sterker word, kyk my hand dit stink nie meer nie, kyk dit kan weer vat.

Om onvoorwaardelik te glo God kan en sal ons help is 'n eis nie net aan die tien melaatses gestel nie, maar ook aan ons hier vandag. Ja, die hulp wat ons uit die kerkverband ontvang het, steeds met die droogte wat sy wintertande al dieper en dieper in elke dier maar ook elke boer inslaan is ook 'n toets. God doen wondere ook in ons tyd. In sekere opsigte skuif berge see se kant toe. Ons is verlede jaar en ook al weer hierdie jaar wonderlik gehelp. Tog is die eintlike toets die een wat vandag ook ons tweede en laaste gedagte by wil uitkom:

Watter vrug Jesus van hulle geloof verwag het?

Al tien melaatses het aan die eis van geloof voldoen maar toe dit moet kom by die werklike vrug van die geloof toe kom daar 'n geweldige verskil! Ons het gelees ... Verse 15-16: *15 En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys. 16 Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan.* Eers tien uit tien en hoe vinnig die omdraai ... met my gaan dit goed, dankie, ek kan weer aangaan. Beskamend sleg is die mens se sin tot dankbaarheid.

Hierdie een man, vir hulle nie eers 'n volksgenoot nie, 'n Samaritaan, hy doen dinge anders. Hy doen dit op die regte manier. Hy was bang as hy ook eers na die priesters toe gaan, dan kan Jesus dalk al weg wees. Bang hy gaan nie sy dankbaarheid voor Hom wat die Christus is, kan betuig nie. Op die oomblik toe hy sien dat hy gesond word draai hy om. Hy weet om vorentoe te kyk is dit so belangrik dat my dryfkrag ware dankbaarheid, diepe dankbaarheid moet wees. Hy wil na Hom gaan, Hy wil vir Hom dankie sê, Hy die groot Hoëpriester aan Wie Hy Hom wil vertoon. Ons lees dat hy omgedraai het om God met 'n groot stem te verheerlik staan in die ouer

vertaling. Ja, net sy stem is ook teken van sy genesing. Melaatsheid het ook altyd die stembande skor en hees gemaak. Tog is meer as sy stembande en sy liggaam genees. Geestelike genesing spreek waar die hart spreek. In sy hart het hy oorgeloop van diepe, diepe dankbaarheid. En dit komende van 'n Samaritaan, die veragtelike volk in die Jode se oë maar nie in die Here se oë nie. Die Israëliete het na hierdie mense as honde verwys.

Net een uit tien loop die ware pad van dankbaarheid. So een ontvang meer as die voete van 'n ribbok want om in dankbaarheid by die Here te kom is om vir die Here te vra laat my kom waar dit vir my te hoog is. Soos Dawid te bid lei my op 'n rots wat vir my te hoog is. Terwyl Jesus vir die laaste keer op sy pad na Jerusalem toe was, ja op pad om te gaan sterwe, want in daardie stad het die dood Jesus ingewag, maar nou ook hierdie verskriklike ondankbaarheid ook in die Here se oë. Dis 'n vraag met diepe hartseer as ons die Here dit hoor vra: *Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?*

Geliefdes wat was die ander nege se probleem. Ja, dit was die probleem van 90%. Is die persentasie in ons tyd, in ons gemeente veel beter, ek kan dit nie antwoord nie. Dit is 'n gewetensvraag wat alleen die Here en jy die antwoord ken ... Mense wat ook hulle geloof wou vashou, wat geglo het die Here kan Hom oor my ontferm. Dis wat hulle mos die Here gevra het: *Jesus, Here, ontferm U oor ons!* ... Nou het die Here dit gedoen en nou Het dit uiteindelik vir hulle meer om die gawe gegaan as wat dit gaan om die Gewer?! Dit wil so lyk!

Hoe maklik kan 'n mens 'n behoefte ontwikkel aan God se weldade maar nie aan sy Persoon nie. Dis eintlik 'n baie selfsugtige punt waarby ek in my lewe gekom het as ek maak soos hierdie nege. As God se gawes en weldade vir my swaarder weeg as dit wat my eintlike verhouding met God moet wees, ware diepe dankbaarheid teenoor Wie God is. Ons kan die nege se probleem dalk soos met 'n spons vergelyk. Ek wil opsuig en opsuig wat ek kan maar intussen lyk my lewe soos 'n sif. Die ware liefde wat daar vir God moet wees, die liefde wat in my dankbaarheid moet spreek loop soos water deur die sif se gate. Die somtotaal van dankbaarheid is nie eenduidig nie. Dis eintlik 'n eenvoudige som. Dankbaarheid gaan oor geloof plus liefde. 'n Lewe wat uit geloof gebou word en met liefde opgebou moet word.

Belangrik dat ons ook raaksien dat die Griekse woord vir dankbaarheid het 'n direkte verband met die woord DINK. Dit lê in presies dieselfde woordveld. As kinders van die Here moet ons voortdurend dink, ja ons moet voortdurend nadink oor alles wat onse Vader in sy genade ons elke dag van ons lewe skenk. Dis 'n nadink wat by daardie nege heeltemal ontbreek het. Al wat hulle oor gedink het, was hulle gesonde lewens wat nou op hierdie aarde weer op ons wag.

Dan beseft ons dit gaan oor dink maar ook oor doen. Daardie een man het sy dankbaarheid in woord en daad bewys. Iemand wat regtig dankbaar is kry dit nie weggesteek nie. Jou lewe is dan soos 'n venster in die son se strale. Die venster kry die son se lig nie afgekeer nie, maar wil dit juis in alle opsigte deurlaat. 'n Dankbare mens dink nie allerhande verskonings uit om nie kerk-toe te kom nie, 'n dankbare mens verstaan die beginsel van ewewigtigheid in 2 Korintiërs 8 en 9, 'n dankbare mens verstaan en beoefen die beginsel rondom die eerstelinggawe. Ja, dat alles wat ons is en het kom van die Here af, daarom sal so 'n mens nie waag die afskeep van sy tyd, die afskeep van gawes wat in alle geval aan die Here behoort, terug te hou nie.

Die Here wat vir ons in Maleagi dit duidelik maak – toets My ... toets My hierin. Hoor u nog die profeet se vraag in die eerste hoofstuk – Maleagi 1 vers 8: *8 Wanneer julle 'n blinde ding bring om te offer, is dit dan nie verkeerd nie? En wanneer julle 'n siek of 'n lam ding bring, is dit nie verkeerd nie. Bring bietjie so iets vir jou goewerneur! Sal hy ingenome met jou wees of jou vriendelik ontvang? Dit is wat die Here die Almagtige sê.* Die woord in vers 10 ruk ons harte oop - *10 Was daar maar iemand onder julle wat die tempel se deure wou toesluit, sodat julle nie my altaar tevergeefs aan die brand hou nie!...* Mag ons die Here dit nooit oor hierdie Kerk van Hom hoor sê nie ... laat julle deure eerder gesluit word en gesluit bly ... Of soos ons in Openbaring van die gemeente in Efese lees- julle het julle eerste liefde verlaat ... die gevolg die kandelaar sal van sy plek verwyder word. Geliefdes, dink dankbaarheid, doen dankbaarheid, mag ons die Here regtig hierin wil toets. Die Here wat in Maleagi ons daartoe uitnooi: Maleagi 3:10-11: *10 Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.* Mag u werklik wil sê ek is nie deel van daardie 9, daardie 90% nie, ja die Here kyk anders na my-

mag jy die een wees vir wie die Here vra- *Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?*

AMEN